

Ds. A. W. C. Bester
Warmbad
29 September 1968

Onderwerp: Losprys vir jou siel

Lees: Markus 8 verse 34 tot 38
Teks: Markus 8 vers 37
Sing: Psalm 147 verse 1 en 2
Gesang 5 vers 4
Gesang 38 vers 4

“Die loon van die sonde is die dood. Elke sondaar is dus in hierdie donker kerker opgesluit en wag op die voltrekking van sy vonnis. Maar dit is moontlik om uit hierdie donker poel van sonde en godverlatenheid te ontkom. Daar is ’n weg na buite, na vryheid, maar alleen op sekere voorwaardes. Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 5, som dit op:

“Vraag 12: Aangesien ons dan na die regverdige oordeel van God tydelike en ewige straf verdien het, is daar enige middel waardeur ons van hierdie straf kan vrykom en weer genade kan verkry? Antwoord: God wil dat aan sy geregtigheid voldoen moet word; daarom moet ons daaraan óf deur onself óf deur ’n ander ten volle betaal.

“Vraag 13: Maar kan ons deur onself betaal? Antwoord: Nee, hoegenaamd nie, maar ons maak selfs die skuld nog daaglik meer.

“Vraag 14: Kan daar ook êrens enige skepsel [byvoorbeeld ’n dier] gevind word om vir ons te betaal? Antwoord: Nee; want ten eerste wil God die skuld wat die mens gemaak het, aan geen ander skepsel straf nie; ten tweede kan ook geen enkele skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsele daarvan verlos nie. [Die offer van diere in die Ou Testament was net ’n simboliese verwysing na Jesus Christus se soen-offer.]

“Hoedanig ’n middelaar en verlosser moet ons dan soek? Antwoord: So een wat ’n waaragtige en regverdige mens is, en nogtans ook sterker as alle skepsele, dit is, wat ook tegelykertyd waaragtige God is.’

“Liewe Broers en Susters, elke mens soek na ’n manier om uit sy ellende verlos te word. Ja, op feitlik elke lewensterrein sukkel en woel die mens om hom los te wikkels uit sy nood. Dink maar aan die mens se stryd om verlos te word uit die greep van siekte,

armoede, misdaad of oorloë. En dit is nog nie eers die kernoorzaak van sy ellende nie.

“Broers en Susters, die wesenlike toestand van die mens wat in sonde lewe, is dat hy opgesluit is in ’n donker kerker, waar daar geen ligstraal van redding te sien is nie. Daar is geen sprake van hoop op verlossing nie en na die mens se dood kom die gevreesde regterstoel en daarna die hel met al sy grusaamheid.

“Vreeslik is die toestand van die mens dus en afgryslik die oordele wat hy weens die sonde op sy hals gehaal het. Want hoe anders was dit nie in die paradys nie, waar daar rus, vrede en Godsgemeenskap was?

“Broers en Susters, die sondaar wat voor die regbank van God die Regter staan, kan nie eers die woord ‘onskuldig’ op sy lippe neem nie. Paulus waarsku met ’n somber stem: ‘sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees’. (Rom 3:19)

“Wat dan? Hoe kan die sondes voor die gerig van God bestaan? Is daar enige middel waardeur ons van hierdie straf kan vrykom? Wat sal die mens dan gee as ’n losprys vir sy siel?

“Die mens wat tot die besef en die belydenis van sy skuld gekom het, het geen rus of vrede in sy gemoed nie. Hierdie gevangene in die donker kerker, soek met al sy kragte na ’n uitweg. Hy vra: is daar enige manier om die straf te ontkom? Is dit dan ’n wonder dat die mens wat sy ellende en skuld voor God leer ken het, vra: Hoe kan ek verlos word uit my ellende? Of in die taal van Jesus in Markus 8 vers 37: ‘Of wat sal ’n mens gee as losprys vir sy siel?’ Met hierdie woorde bedoel Jesus eintlik: wat sal ’n mens gee om jou lewe te red of te verlos? Om die mens te red uit die gevangenis en uit die mag van die dood?

“Te midde van sy erkenning van skuld en verloreheid soek hy na ’n middel tot verlossing. Hier vanuit die donker gevangenis hef hy die oog omhoog. Daar word uit die kerker gebid en geroep. Dit is ’n angskreet, ’n worsteling in die doodsnoed om die straf te ontvlug. Daar is ’n gehamer aan die grendeldeure van die gevangenis, met die uitroep: hoe kan ek tog vry kom?

“Broers en Susters, op die geroep kom daar ’n antwoord: ‘God eis dat aan sy geregtigheid voldoen word; daarom moet ons self, óf iemand anders, ten volle vir ons sonde betaal.

“Daar is dus wel reaksie op die gehamer aan die kerker se deur. Die deur word so te sê op ’n skrefie oopgemaak, maar alleen op sekere voorwaardes.

“Daar is ’n gesmeek om genade en hier is nou sprake dat iemand anders in ons plek vir ons kan betaal en sodoende voldoen aan God se geregtigheid.

“Broers en Susters, die ewige God in die hemel handhaaf sy geregtigheid. Sy reg kan nie geskend word nie. As God geen reg meer doen nie, dan is Hy nie meer God nie. Die misdaad moet gestraf word en die skuld moet betaal word, óf deur onself, óf deur ’n ander.

“Die swaar deur van die gevangenis kraak op sy skarniere en die lig val na binne. Die lig deurboor die duisternis. Ons word haastig om die volgende vraag in die Kategismus te behandel. Ons wil weet: wie is die ‘ander’ wat wel die losprys kan betaal?

“Die Kategismus neem ons egter trapsgewys na die volle openbaring van God se genade in Jesus Christus. Dit wil seker maak dat ons verstaan dat God se geregtigheid gehandhaaf sal word. Want, Broers en Susters, die genade van God sal nooit sy geregtigheid ongedaan maak nie.

“Dit is verpletterend vir ’n sondaar om met leë hande voor God te staan. God is nie maar net ’n God van slappe toegeeflike liefde nie. Hy is die God van heilige geregtigheid wat sê: ‘...die siel wat sondig, dié moet sterwe.’ (Eség 18:4) En voor elke sondaar staan hierdie eis onversetlik soos ’n berg, óf die dreigende gebrul van ’n leeu. Dit is soos die klank van gevangenis-kettinge: ‘Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.’ (Matt 5:26) Daarom sê die Kategismus moet ons óf deur onself, óf deur ’n ander, ten volle betaal.

“Kan die mens self betaal? En weet u, Broers en Susters, deur die eeue heen het die sondige mens altyd weer pogings aangewend om self te betaal.

“Die heidene het probeer deur rituele verpligtinge, selfpyniging voor Baäl en Astarte, en die offer van hul kinders se liggame aan Molog. Dit alles is gedoen om die godheid se guns te probeer wen.

“Filosowe het met ’n verskeidenheid van denkstelsels probeer om selfverdienste te handhaaf.

“Die Rooms-Katolieke het probeer om met geld te betaal; en met deelname aan bedevaarte, kruistogte en die gee van aalmoese.

“Die Modernisme probeer om met morele herbewapening en goeie werke selfverlossing te bewerk.

“Dit is die ongelowige wat self vra: wat sal die mens gee as losprys vir sy siel? Kan hy homself as losprys gee? Wat van trane stort, of sy talente inruil, of sy liggaam kneus en vermink? Ja, selfs sy eie bloed afstaan om sy skuld voor God te betaal? Sal die regter dit nie aanneem en die gevangenis se deure oopstoot nie?

“Nee, Broers en Susters, met trane alleen, al het hulle hoe warm gevloei, spoel ’n mens die toorn van God nie af nie. Selfkweeling is bowendien soms niks anders as selfstreling nie.

“God vereis nie dat ons, onself kwel nie, maar dat ons, ons bekeer en glo.

“Broers en Susters, hoe kan iemand wat in ’n diep put geval het homself daar uit trek? Of hoe kan iemand wat bankrot is, tjeks wil uitskryf aan sy skuldeisers?

“Ons is almal bankrot en magteloos om ons eie verlossing te bewerk. As ons dit tog maar wil besef. Dit is ongelooflik hoeveel van ons dink dat ons, ons saak kan regmaak voor God met ons gebede; ons bydrae vir die kerk; ons trou; ons ywer vir God se koninkryk; ons mooi karakter; ons edele inbors; ja selfs ons tollenaarsgestalte. Uit dit alles probeer ons voor God munt slaan en dink dat al hierdie dinge tog as verdienste gereken kan word. En hoe bedrieg ons, onself. Op ons soektog na verlossing is die moontlikheid van selfverlossing uitgesluit.

“Die Kategismus noem egter ’n tweede moontlikheid, naamlik die moontlikheid van verlossing deur ’n ander skepsel. Daar is tog engele, heiliges, diere en ander skepsele. Kan een van hulle dan nie dien as losprys vir ons siel nie? Nee, duisend maal nee. Geen engele, of heilige, of enige ander skepsel kan ons skuld voor God betaal nie. Kan Moses dit doen, óf Jesaja, óf Paulus? Nee, die Psalmis skryf: ‘Niemand kan ooit ’n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie (want die losprys van hulle lewe is te kosbaar en vir ewig ontoereikend)’. (Ps 49:8,9) Ook hier is daar geen uitkomkans nie.

“Maar wat dan? Moet die sondaar maar alle hoop laat vaar. Moet die vraag op sy lippe sterf: wat kan ek gee as losprys vir my siel? Is daar geen ander moontlikheid om vry te kom, om genade voor God te vind nie?

“Daar is net een moontlikheid en dit is deur ’n Middelaar wat waaragtig God en waaragtig mens is. En só ’n Middelaar is onse Here Jesus Christus. In die volheid van die tyd het God sy Seun gestuur. Hy en Hy alleen is die antwoord op hierdie angswekkende vraag.

God het geantwoord met Jesus Christus se kruisiging op Golgota: 'Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.' (Joh 3:16)

"God maak self deur sy Seun die gevangenis oop. So ontmoet God se geregtigheid en God se genade mekaar, deurdat Jesus Christus in ons plek die straf gedra het. Daardeur is aan God se vereiste vir geregtigheid voldoen. Die skuld wat ons moes betaal, het Hý betaal. Die dood wat ons moes sterf, het Hý gesterf.

"Jesus Christus het die losprys vir jou siel betaal, sodat jy kan vrygaan en lewe. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

"Amen."

Kommentaar:

Om vir die geredde mensdom se sondes te betaal, moes Jesus Christus waarlik mens én waarlik God wees. Hy moes waarlik mens wees, omdat Hy in mense se plek vir hulle sondes moes betaal. Hy moes ook waarlik God wees, omdat hy sondeloos moes wees om die offer namens mense te betaal. Hy moes ook God wees, om sterk genoeg te wees om die ewige straf van alle mense eenmalig te verduur.

Dominee Bester verwys in hierdie preek na die *Heidelbergse Kategismus*.

Daar is mense wat Gereformeerde gelowiges daarvan beskuldig dat hulle 'n geskrif wat deur mense saamgestel is, die *Heidelbergse Kategismus*, verhef tot dieselfde status as die Bybel.

Die *Heidelbergse Kategismus* is 'n opsomming van die Bybel, met 'n lys van verse wat elke spesifieke boodskap in die Bybel ondersteun. Dit kan dus beskou word as 'n inhoudsopgawe van die Bybel.

Die *Heidelbergse Kategismus* het op sigself nie gesag nie. Die gesag kom uit die Bybel, waarvan dit bloot 'n opsomming en inhoudsopgawe is.